16.10 RAPPORT 5: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR SENTRAAL- EN WES-AFRIKA (Art 50)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Dr HM Zwemstra.

1. Eglisee Reformee Confessante au Congo (ERCC)
Ekumeniese eenheid

Vir kennisname
1.1 *Opdrag*
Dat die bande van ekumeniese eenheid met die ERCC voorlopig gehandhaaf word en dat verdere gesprek gevoer word oor die verhoudinge tussen die GKSA en die ERCC.
Besluit: Kennis geneem.
1.2 *Uitvoering van opdrag*
1.2.1 Die ERCC het ‘n uitnodiging aan die GKSA gerig dat ‘n afgevaardigde hulle Sinode bywoon. Dr HM Zwemstra het hierdie Sinode in Likasi (ongeveer 120km Noord van Lubumbashi) vanaf 7-10 Augustus 2013 bygewoon.
1.2.2 Tydens sy besoek aan die ERCC het dr Zwemstra ‘n beroep op die ERCC gedoen om met die URCC te praat en versoenend op te tree.
1.2.3 Tydens die Sinode van die ERCC was dit duidelik dat dié kerkverband nog Gereformeerd wil wees in belydenis en kerkregering.
1.2.4 Die GKSA kan ‘n versoenende rol tussen die ERCC en die URCC speel, en op die gebied van teologiese opleiding kan die GKSA ‘n belangrike bydrae maak.
Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.4 kennis geneem.
Vir besluitneming
1.3 *Aanbevelings*
1.3.1 Dat ekumeniese eenheid met die ERCC gehandhaaf word.
1.3.2 Die kerklike eenheid moet onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en deur samewerking waar dit moontlik is.
Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.

2. United Reformed Church of Congo (URCC)
Ekumeniese bande

Vir kennisname
2.1 *Opdrag*
2.1.1 Dat daar gepoog word om die Sinode van die URCC by te woon en dat die aansoek van die URCC om ekumeniese eenheid daarna oorweeg word.
2.1.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult, en alle kerke en individue wat ‘n bydrae gelewer het tot die Kongo Diensgroep se ondersteuning aan Kongolese predikante.
Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 kennis geneem.
2.2 *Uitvoering van opdrag*
2.2.1 Die URCC het ‘n afgevaardigde van die GKSA genooi om hulle eerste Sinode by te woon. Dr HM Zwemstra het hierdie Sinode in Kananga (ongeveer 1000 km Noordwes van Lubumbashi) vanaf 23-29 Julie 2012 bygewoon.
2.2.2 Tydens sy besoek aan die URCC het dr Zwemstra ‘n beroep gedoen op die URCC om met die ERCC te praat en versoenend op te tree.
2.2.3 Tydens die Sinode van die URCC was dit duidelik dat dié nuwe kerkverband Gereformeerd wil wees in belydenis en kerkregering.
Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Dat ekumeniese eenheid met die URCC aangegaan word.

2.3.2 Die kerklike eenheid moet onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en deur samewerking waar dit moontlik is.

Besluit: Punte 2.3.1 en 2.3.2 goedgekeur.

3. Ivoorkus

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

Dat die Deputate voortgaan om kontak met hierdie kerke te bewerk.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

Daar kon nog nie sinvolle kontak gemaak word met Gereformeerde Kerke in die Ivoorkus nie.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.

Vir besluitneming

3.3 *Aanbeveling*

Dat daar in die lig van die onsuksesvolle pogings om kontak te maak, nie verder tyd en koste aangegaan word om kontak te maak met kerke in Ivoorkus nie.

Besluit: Goedgekeur.